



24 Maart 2020

Sedert 1979

Beste Klofie-ouers

Gegewe die situasie met die Corona-virus in ons land, en na aanleiding van President Cyril Ramaphosa se aankondiging Maandag, 23 Maart, net die volgende:

1. Die skool en sy personeel het seker gemaak dat alle oppervlaktes op die skoolterrein skoongemaak is.
2. Ons is besig om alle inbetalings van toere te oudit en, na samesprekings met al die relevante partye, die nodige terugbetalings te maak, hetsy teen skoolgeld óf direkte terugbetaling.
3. Gegewe die totale afsondering sal GEEN persoon gedurende die volgende 21 dae op die skoolterrein toegelaat word nie. Ek sal u op alle vorme van sosiale media, maar veral op die D6-kommunikeerder, na gelang van gebeure, wanneer die skool amptelik weer heropen op hoogte hou.
4. Moedig die leerders aan om *TEAMS* dop te hou vir addisionele akademiese werk en ondersteun hulle om met die akademiese werk en sillabus by te hou. Werk saam met u kind en monitor u kind. Daar is in alle vakke en in alle grade huiswerk en projekte op *TEAMS* geplaas. Maak ook gebruik van onderrigforums, soos die Wolkskool van Skole Ondersteuningsentrum, vir klasse in meeste van die vakke.
5. Uit die aard van die saak kan ons Opedag, wat vir 8 April geskeduleer was, nie voortgaan nie. Ons sal u in kennis stel van ons nuwe datum op grond van wat in die toekoms gebeur. Al rede hoekom ons nie nou 'n datum bekendmaak nie, is omdat ons nie weet of die totale afsondering slegs 21 dae gaan duur nie. Ons sal u op hoogte hou van die aansoekproses vir 2021 sodra ons 'n verklaring van die Departement van Onderwys ontvang.
6. **NEEM KENNIS!!** Ons versoek ons ouers om asseblief by te hou met die betaal van skoolgeld, te midde van die totale afsondering waarin die land verkeer. Salarisse en rekeninge moet steeds betaal word. U ondersteuning, veral op hiérdie punt, sal hoog op prys gestel word.

Al staar ons moeilike tye in die gesig, moet ons steeds fokus op die mooi in die lewe en al die voorregte wat ons het. Gebruik dié tyd om by u gesin uit te kom, sodat ons weer die erns en dankbaarheid van Paasfees kan besef en weet waar ons hulp vandaan kom.

Laat ons ons leuse altyd eggo dat ons BOU IN GELOOF!

Klofiegroete

C. H. DENYSSCHEN
SKOOLHOOF